

Lêerno.: 20/2/1/1
Verwysing: 20240930-7079

Assesseringsbestuursminuut: 0019/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Administrasie vir die afneem van die aanvullende Algemene Asseseringstaak vir graad 12-Lewensoriëntering in 2024

1. Die Algemene Asseseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO), soos uiteengesit in Assesseringsbestuursminuut 0014/2024, gedateer 14 Augustus 2024, is op 02 September 2024 geskryf.
2. Leerders wat nie op 02 September 2024 die AAT vir LO geskryf het nie, sal toegelaat word om die aanvullende AAT vir LO te skryf wat vir **10 Oktober 2024 vanaf 09:00 tot 11:30** geskeduleer is.
3. **Administrasie van die aanvullende AAT vir LO**
 - 3.1 Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlins vir die afneem van hierdie assesering te tref, en toe te sien dat hul skool al die voorwaardes en reëls ten opsigte van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen nakom.
 - 3.2 Vraestelle vir die aanvullende AAT vir LO sal slegs aan skole verskaf word wat op 02 September 2024 aangedui het dat daar leerders is wat afwesig was. Aanvullende vraestelle sal voor of op 10 Oktober 2024 aan skole verskaf word.

3.3 Leerders wat nie die AAT vir LO of die aanvullende AAT vir LO in 2024 skryf nie, sal 'n onvolledige uitslag vir LO ontvang. Hierdie leerders sal die vak, asook die skoolgebaseerde assessering en die AAT vir LO, moet herhaal. Dit is dus belangrik dat skole leerders wat op 02 September 2024 afwesig was betyds in kennis stel dat hulle die aanvullende AAT vir LO moet skryf.

4. **Nasien van die AAT vir LO**

4.1 Distrikskantore sal nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO aan skole voorsien. Die distrikskantore sal ook seker maak dat die nasien van die aanvullende vraestel intern by skole asook ekstern by die betrokke distrikskantore gemodereer word.

4.2 Die nasien van die aanvullende AAT vir LO moet onder toesig van die prinsipaal by die skool uitgevoer word, met 'n senior onderwyser of departementele hoof wat as die interne moderator sal optree.

4.3 Die nasienproses sal begin sodra die nasienriglyne ontvang is. Geen bespreking oor die nasienriglyne sal plaasvind nie. LO-vakadviseurs kan gekontak word indien daar enige navrae oor die nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO is.

4.4 Waar meer as een onderwyser LO by 'n skool onderrig, moet prinsipale seker maak dat onderwysers nie die antwoordskrifte van hul eie leerders nasien nie.

4.5 Skole moet die elektroniese LO-vakrekordblaaie vir graad 12, wat van SOBIS afgelaai kan word, voltooi.

5. Enige navrae oor die skryf van die aanvullende AAT vir LO moet telefonies gerig word aan me. Deborah Williams by tel. 021 467 2407, of per e-pos by Deborah.Williams@westerncape.gov.za.

6. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle graad 12-Lewensoriëntering-onderwysers en -leerders.

GETEKEN: BJ LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-09-30